



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

AFRIKAANS HUISTAAL V1

2015

MEMORANDUM

PUNTE: 70

Hierdie memorandum bestaan uit 9 bladsye.

AFDELING A: LEESBEGRIP**Nasien van die leesbegrip:**

- Spelfoute in eenwoord-antwoorde word by Huistaal gepenaliseer.
- Spel- en taalfoute in langer antwoorde word nie gepenaliseer nie omdat die fokus op begrip is.
- Vir **oop vrae** word geen punte toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Die rede/motivering moet oorweeg word.
- Vir WAAR/ONWAAR- of FEIT/MENING/LUG JOU MENING-vrae, word nie punte toegeken vir WAAR/ONWAAR of FEIT/MENING nie. Slegs die redes/motivering/aanhalings kry punte.
- Vrae wat aanhalings uit die leesstuk verg, word **nie gepenaliseer** indien die aanhalingstekens ontbreek **nie**.
- Waar eenwoord-antwoorde gevra word en die kandidaat 'n volsin gee, is dit korrek **mits** die korrekte woord onderstreep of op een of ander wyse uitgelig word.
- Wanneer twee of drie feite/punte vereis word en die kandidaat gee 'n hele reeks, word **slegs** die eerste twee of drie feite/punte nagesien.
- Indien die kandidaat woorde uit 'n ander taal gebruik as die taal waarin die vraestel verskyn, word die vreemde woorde geïgnoreer. Indien die antwoord sonder die vreemde woorde sinvol is, word die kandidaat nie gepenaliseer nie. Indien die vreemde woord in die antwoord vereis word, word dit aanvaar.
- Aanvaar dialektiese variasies.
- Vir meervoudigekeuse-vrae word sowel die letter as die korrekte antwoord wat ten volle uitgeskryf is, aanvaar.

VRAAG 1 (Sien binne konteks na; sien betekenis na, nie woorde/taalgebruik nie.)		
Vraag	Antwoord (voordeel van die twyfel aan die kandidaat)	Punt
1.1.1	Nuusberigte/gebeure (wat in 2014 opslae gemaak het)./Berigte in nasionale koerante (wat verlede jaar in die nuus was)./Berigte oor ekonomiese sake/geldsake/finansiële sake (wat verlede jaar in die nuus was). ✓	1
1.1.2	Die woord <i>anders</i> word gekursiveer ter wille van beklemtoning/uitheffing van die andersheid daarvan. ✓ <i>Sakebeeld</i> word gekursiveer aangesien dit 'n eienaam/naam van 'n koerant/tydskrif is. ✓	2
1.2	Ja Die spreker/joernalis is nog nie seker dat dit wel die geval gaan wees nie./ Dit moet nog plaasvind./Hy kan nog nie die vraag antwoord nie./kan nog nie die antwoord verskaf nie. ✓	1
1.3	In 2008 was die oorsaak die verskaffing/gehalte van steenkool. ✓ EN Die 2008-probleem kon redelik vinnig opgelos word./ In 2015 is die probleem swak tegniese onderhoud en infrastruktuur./ Die oplossing van infrastruktuurprobleme is iets wat baie tyd verg./ Infrastruktuur het nie korttermynoplossings nie. ✓✓ <i>Enige TWEE van bogenoemde antwoorde binne konteks is aanvaarbaar.</i>	3
1.4	Een ✓ "vuurdoop" ✓	2
1.5	Hoër belastings ✓ onderdruk ekonomiese groei. Hoër rentekoerse ✓ onderdruk ekonomiese groei. ✓ Ekonomiese groei gaan nie plaasvind nie./gaan onderdruk word./gaan baie laag wees. ✓	3

1.6	Dit/Nuwe stakings behoort nie so ekstreem te wees soos die vorige staking/2014 se staking nie. ✓	1
1.7	Ja Die nuwe (waarnemende) hoof het 'n bewese rekord van sukses en/of hy het 'n plan van aksie om die SAL reg te ruk. ✓ OF Nee Dis prakties onmoontlik om 'n bankrotonderneming binne drie maande reg te ruk. ✓	1
1.8	Nee Cees Bruggemans wat 'n ekonoom is, sê dis nie so nie./Sterker ekonomiese groei (en gepaardgaande rentekoersverhogings in Amerika) sal 'n negatiewe impak op die Suid-Afrikaanse ekonomie hê./SA duur te staan kom./veroorsaak dat die rand verder verswak teen die dollar wat SA en/of sy inwoners negatief sal beïnvloed. ✓ <i>Ja-antwoord kan nie korrek wees nie.</i>	1
1.9	Kundige bestuurders moet aangestel word ✓ om dienslewering te verbeter. ✓ / Die poskantoor gaan nie verbeter nie/die diens gaan nie verbeter nie ✓ daarom sal digitale kommunikasie nie verbeter nie. ✓ Die poskantoor kan nie hulle finansies goed bestuur nie, ✓ want hulle het die regering weer om ekstra finansiële hulp gevra. ✓	2
1.10	Dit hef die verdere hoofgedagtes/voorbeelde van/verdere belangrike ekonomiese gebeure uit. ✓	1
1.11	Nee Die joernalis gee doodgewone feite./skryf oor werklike nuuswaardighede./kies nie kant nie en/of sê niemand sleg nie./is objektief. ✓	1
1.12	Ja Volgens kundiges/Alwyn Smit gaan beurtkrag 'n groot invloed op ons finansies hê , want meer mense sal in kragopwekkers moet belê./elektrisiteit sal duurder word./ Die minister van finansies/Internasionale Monetêre Fonds/kundiges voorspel hoër rentekoerse wat mense sal dwing om versigtiger met geld te werk./ Persoonlike belasting kan verhoog word , aldus Bruggemans/kundiges/die minister wat mense finansiëel sal beïnvloed./ Mense wat in die mynboubedryf werksaam is, kan deur stakings beïnvloed word wat 'n invloed op hulle beursies sal hê./ Vliegtuigkaartjies van SAL kan duurder word wat mense sal dwing om anders te reis/meer te betaal./ Die rand kan teenoor die dollar verswak – reisigers sal dan meer betaal wanneer hulle Amerika toe reis./ Poskantoordienste sal mense dwing om digitaal te kommunikeer wat beteken dat mense meer moet belê in rekenaars, internet ens. ✓✓✓ <i>Die kandidaat gee enige VIER feitlike bewyse uit die teks.</i> OF In die teks kom daar baie voorbeelde van probleme wat almal se sakke raak voor. ✓	4

1.13	<p>Die groter letters wil die belangrike(r) woorde beklemtoon./hef die tema van die spotprent uit. ✓</p> <p>Mense wat nie (vir die gebruik van die pad/paaie/snelweg) wil betaal nie, moenie die pad/snelweg gebruik nie./moet 'n alternatief oorweeg. ✓</p>	2
1.14	<p>Die vrou is duidelik ontevrede met die situasie ✓ terwyl die man (en donkie) tevrede is met die plan wat hulle maak om geld te spaar. ✓/</p> <p>Die vrou is spoggerig/volgens die nuutste modeneigings geklee/selfs met donkerbril en oorkrabbe, ✓ terwyl die tema fokus op geldbesparingsmaatreëls/dit lyk nie of die vrou bewus is daarvan dat bespaar moet word nie. ✓/</p> <p>Die tema fokus op besparingsmaatreëls, ✓ terwyl die vrou sarkasties is oor die moontlikheid van goedkoper vleis. ✓</p> <p><i>Enige EEN, maar beide kante moet gestel word.</i></p>	2
1.15	<p>Dié spotprent het in 2013 verskyn – dieselfde nuusberigte het in 2014 verskyn aldus die teks en sal weer in 2015 (waarskynlik) nuuswaardig wees. ✓/</p> <p>Die teks verwys na sake wat die verbruikers gaan geld kos, soos elektrisiteit, terwyl die spotprent direk na die prys/koop/besparing ter wille van elektrisiteit verwys. ✓/</p> <p>Volgens die koerantopskrif in die <i>Volksblad</i> styg pryse van krag en petrol terwyl die slotparagraaf pertinent verwys na uitgawes wat jou sak raak. ✓/</p> <p>Dis duidelik dat die slot mense waarsku teen verhoogde uitgawes in 2015 wat hulle gaan dwing om allerhande besparingsmaatreëls in te stel; dis presies wat die spotprent suggereer terwyl dit reeds in 2013/die verlede plaasgevind het. ✓✓✓</p> <p><i>Enige DRIE afleidings, binne konteks, is aanvaarbaar, mits albei tekste in die antwoord genoem/betrek word.</i></p>	3
TOTAAL AFDELING A:		30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2****Nasien van die opsomming**

- Opskrif/titel: Daar word nie van kandidate verwag om die leesstuk van 'n opskrif/titel te voorsien nie.
- Kandidate moet die opsomming in hul eie sinne, in enige volgorde skryf.
- Slegs wenke wat in volsinne aangebied word, verdien punte.
- Rofwerk/beplanning moet duidelik aangedui word. Indien dit nie die geval is nie, word die eerste opsomming nagesien.
- Kandidate moet die korrekte getal woorde aandui.
- Indien die kandidaat die opsomming puntsgewys aanbied, word dit nagesien.

- Punte word soos volg toegeken:
 - 7 punte vir 7 feite (1 punt vir elke feit)
 - 3 punte vir taal
 - Puntetotaal: 10

- Verspreiding van taalpunte wanneer die kandidaat nie woordeliks aangehaal het nie:
 - 1–3 feite korrek: ken 1 punt toe
 - 4–5 feite korrek: ken 2 punte toe
 - 6–7 feite korrek: ken 3 punte toe

- Verspreiding van taalpunte wanneer kandidaat woordeliks aangehaal het.
 - 6–7 direkte aanhalings: ken geen taalpunte toe nie
 - 1–5 direkte aanhalings: ken 1 punt vir taal toe

LET WEL:

- Tel van woorde:
 - Nasieners moet die aantal woorde wat gebruik is, tel.
 - Geen punte word afgetrek as die kandidaat nie die getal woorde aangedui het nie of as die getal woorde wat gebruik is, verkeerd aangedui is.
 - Indien die kandidaat die vereiste getal woorde oorskry, lees tot by 90 woorde, lees die sin tot aan die einde en ignoreer die res van die opsomming.
 - Kortere opsommings wat die vereiste wenke bevat, mag nie gepeenaliseer word nie.

'n Opsomming wat in paragraafvorm aangebied word, kan die volgende moontlike bewoording gebruik:

Neem jou geliefde se gevoelens in ag. Bepaal vooraf of sy met jou wil trou en lig haar ouers in oor jou planne. Indien jy 'n restaurantaand oorweeg, moet jy dit vooraf besoek en 'n geskikte tafel kies. Laat haar toe om die ring van haar keuse uit te soek. Maak baie seker dat die aard van die geleentheid vir haar lekker sal wees: beplan iets waarvan sy sal hou. Onthou ook dat sy goed/spesiaal sal wil lyk en voel wanneer jy die vraag vra.

Getal woorde: 85

OF

AANHALING UIT TEKS		MOONTLIKE BEWOORDING	
1	Neem die gevoelens van die mens aan wie jy die huweliksaansoek wil rig, in ag .	A	Neem jou geliefde se gevoelens in ag.
2	Probeer die onderwerp vóór jou huweliksaansoek aanroer, sodat jy seker is oor haar gevoelens vir jou .	B	Bepaal vooraf of sy met jou wil trou.
3	Dit klink dalk outyds, maar neem haar ouers ook in ag .	C	Lig beslis haar ouers in oor jou planne.
4	Indien jy beplan om die vraag in 'n restaurant te stel, reël vooraf vir 'n tafel wat aan julle bietjie privaatheid sal gee.	D	Indien jy 'n restaurantaand oorweeg, sorg dat jy vooraf reël vir 'n geskikte tafel.
5	Behalwe as jy presies weet waarvan sy hou, moenie namens haar 'n ring kies nie .	E	Laat haar toe om die ring van haar keuse uit te soek.
6	Neem die voorkeure van jou geliefde in ag wanneer jy haar om haar hand vra.	F	Maak seker dat die aard van die geleentheid vir haar lekker sal wees.
7	Moenie die huweliksaansoek doen wanneer sy op haar slegste lyk nie ./Die meeste vroue sal ... op hulle allerbeste wil lyk en voel ...	G	Maak seker dat sy goed/spesiaal lyk en voel wanneer jy die vraag vra./Moenie die groot vraag vra wanneer sy sleg lyk nie.
		Getal woorde: 85	

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAALSTRUKTURE EN -KONVENSIES**Nasien van hierdie afdeling:**

- Spelling:
 - Eenwoord-antwoorde word verkeerd gemerk as die spelling verkeerd is.
 - In volsin-antwoorde word verkeerde spelling net gepenaliseer indien die fout in die taalstruktuur getoets word.
 - Waar 'n afkorting getoets word, behoort die punte op die regte plek te wees.
- Sinskonstruksies moet taalkundig korrek wees en in volsinne aangebied word soos in die instruksie aangedui.
- By meervoudigekeuse-vrae word BEIDE die letter wat ooreenstem met die korrekte antwoord EN die antwoord wat uitgeskrif word, aanvaar.

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Vraag	Antwoord	Punt
3.1.1	dramas ✓	1
3.1.2	Dit trek die aandag van die leser./ Dit hef die woord (en implikasie) uit./ Die “drama” van die <i>skoonma</i> word visueel voorgestel./ Dit versterk die stereotipe van 'n skoonma (wat altyd sleg/naar/vol drama is.) ✓	1
3.1.3	Ja Die visuele voorstelling van die skoonma ondersteun die idee van <i>drama</i> , want sy is ontevrede./stuurs./hors./onbeïndruk./lyk moeilik./lyk vol drama. ✓	1
3.2	Skoonma's veroorsaak drama./is mense wat drama veroorsaak. ✓ Ja Skoonma's veroorsaak dramas en daar word dramas by die kunstefees/Aardklop opgevoer. ✓ OF Nee By 'n kunstefees verwag jy letterlik meer dramas as wat 'n skoonma kan veroorsaak. ✓	2
3.3	ouderwetse/outydse/geskiedkundige/historiese/ouwêreldse/verouderde ✓ <i>Die korrekte vorm van die woord is belangrik, m.a.w. die e-agtervoegsel is belangrik.</i>	1
3.4.1	drama/toneelstuk/opvoering ✓	1
3.4.2	Dit oortuig die leser dat die dramas van hoogstaande gehalte sal wees./ Dit laat die leser voel dat dit die moeite werd sal wees om die dramas te sien./hy/sy veel armer gaan wees indien hy/sy dit nie gesien het nie./ Dit voldoen aan vereistes vir effektiewe manipulerings. ✓	1
3.5	Aardklop – dit bied jou meer ... ✓	1
3.6	Dit bied jou meer drama as waarvan jou skoonma kan droom./waarvan ✓	1
		[10]

VRAAG 4: STROKIESPRENT

Vraag	Antwoord	Punt
4.1	pootuit ✓	1
4.2	kurkdroë ✓ <i>Die verbuiging moet korrek wees.</i>	1
4.3	Ek het 'n paar klippe in my skoen wat ek graag met jou wil bespreek./ Hierdie klippe lê baie seer en swaar in my gemoed./ Gedurende droogtes kou die boere klippe./ Om klippe met hande te probeer breek is dikwels 'n enorme uitdaging./ Stadig oor die klippe; jy gaan jou vingers verbrand! Mense wat in glashuise woon, kan nie met klippe gooi nie. ✓ <i>Idiome kan/mag gebruik word.</i>	1
4.4	Jakkals is slu/skelm/agterbaks/geslepe. ✓	1
4.5	geslepe ✓	1
4.6	(vier) hoenders ✓	1
4.7	vonds ✓	1
4.8	Dit lyk of hy niks verkeerds kan doen nie./ Hy lyk doodonskuldig./Hy is die onskuld self. ✓	1
4.9	Wildehond sê/beveel/soebat (en sê) dat hulle (tog) (nou) moet probeer om nie weer droog te maak nie./ Wildehond raas en sê dat hulle (tog) (nou) moet probeer om nie weer droog te maak nie./ Wildehond sê ernstig dat hulle (tog) (nou) asseblief moet probeer om nie weer droog te maak nie./ Wildehond vra (vir) hulle baie mooi dat hulle (nou) moet probeer om nie weer droog te maak nie. ✓ <i>Enige soortgelyke weergawe van die sin moet/kan aanvaar word.</i>	1
4.10	Metatesis/Klankverspringing ✓	1
		[10]

VRAAG 5: ARTIKEL

Vraag	Antwoord	Punt
5.1	Die woord verbind met 'n afkorting./ Samestellings met afkortings word met koppeltekens geskryf./ Samestellings met 'n letter word met koppeltekens geskryf./ Samestellings met 'n simbool word met koppeltekens geskryf. ✓	1
5.2	(tradisionele) boeke van papier ✓	1
5.3	vlg. ✓ Diere verskil: vgl. byvoorbeeld 'n hond met 'n kat. ✓	2
5.4	maandeliks ✓	1
5.5	Frederik de Jager wat die uitgewershoof by Penguin SA is , stem saam. ✓	1
5.6	Dat dit goeie nuus (vir sommige van Afrikaans se gunstelingskrywers) is ✓	1
5.7	Ek lees dus redelik gereeld e-boeke. ✓	1
5.8	Die woord <i>dus</i> dui op oorsaak en gevolg./dui op 'n gevolgtrekking./Omdat tradisionele boeke swaar is, lees hy eerder e-boeke. ✓	1
5.9	reisgenoot ✓	1
		[10]
	TOTAAL AFDELING C:	30
	GROOTTOTAAL:	70